# SENTRUM VIR TOEGEPASTE ETIEK

# JAARVERSLAG 2000

## 1. BEHEERKOMITEE

Die beheerkomitee vir 2000 is as volg saamgestel:

Prof. C.J. Groenewald (verteenwoordiger van die Depte. Sielkunde, Sosiologie, Geografie en Omgewingstudie en Maatskaplike Werk, *Voorsitter*), Proff. PR Nel (Sekundusdekaan van Lettere en Wysbegeerte), A.A. van Niekerk (Direkteur van die Sentrum en Hoof van die Eenheid vir Bio-Etiek), J. Kinghorn (verteenwoordiger van die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek, H.J. Kotzé (Hoof van die Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek), J.P. Hattingh (Hoof: Eenheid vir Omgewingsetiek), S. van der Berg (verteenwoordiger van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en W. Pienaar (Dept. Psigiatrie, verteenwoordiger van die Fakulteit Geneeskunde).

Vanaf 2001 is prof. WL van der Merwe die nuwe voorsitter van die Dept. Filosofie vir ‘n termyn van drie jaar. Prof. van Niekerk bly aan as Direkteur van die Sentrum, en prof. van der Merwe word dan ‘n addisionele lid van die Beheerkomitee.

## 2. PERSONEEL

Behalwe die voltydse personeel van die Dept. Filosofie, beskik die Sentrum ook oor die dienste van Dr. A. Olivier, post-doktorale genoot van prof. van Niekerk, en mnr. M. Ngquba, Janssen Cilag assistent van prof. van Niekerk. Albei se aanstellings is verleng en sal in 2002 tot ‘n einde kom. Me. L. Landman het ook in 2000 opgetree as assistent van prof. Hattingh.

Sien ook die opmerking (laaste van die vorige paragraaf) oor die bestuur van die Sentrum vanaf 2001.

## 3. OORHOOFSE AKTIWITEITE VAN DIE SENTRUM

### 3.1 VIA-projek

Hierdie projek het formeel aan die einde van 1997 tot ‘n einde gekom. Die projek het die sensitering van mense ten opsigte van waarde- en morele kwessies op die oog, asook leiding ten opsigte van die hantering van konflik in organisasies oor morele en waardeverwante kwessies. Enkele aanbiedinge wat binne die kader van hierdie diensleweringsprojek val, het steeds in 2000 plaasgevind.

### 3.2 Besoekers aan die Sentrum

Die Sentrum het gedurende 1999 besoek ontvang van die volgende persone, die meeste waarvan referate gelewer het, met wie konsultasies oor verskillende aspekte i.s. toegepaste etiek gehou is, en wat betrokke was by gesamentlike navorsingsprojekte:

- **Prof. WA Landman,** Hoof Uitvoerende Beampte van die Ethics Institute of SA. Prof. Landman werk op verskeie fronte saam met die Sentrum, en daar word elders in meer besonderhede na verwys.

- **Dr. Trudy Govier** van Kanada, wat saam met mnr. Verwoerd gewerk het aan 'n omvattede navorsingsprojek oor "Truth-telling and redistributive justice", 'n projek wat uitgeloop het op die skryf van vier omvattende artikels. Dr. Govier is 'n onafhanklike filosoof van Calgary, Kanada, met 'n deeltydse betrokkenheid by die Calgary Institute of Humanities.

- **Prof. Paul van Tongeren,** Hoogleraar in Filosofie en Etiek aan die Katholieke Universiteit van Nijmegen. Hy het 'n referaat gelewer, en moontlikhede vir navorsingsamewerking en studente-uitruiling is ondersoek. Hy tree ook tans op as mede-promotor vir een van ons kollegas.

- **Prof. Jo Bien,** Hoogleraar in Filosofie aan die Universiteit van Missouri in Columbia, VSA. Hy was gasdosent aan die UWK, en het ons betrek as vennoot vir die reëlings van 'n inernasionale navorsingseminaar oor die tersakenheid van die kritiese teorie vir die Suid-Afrikaanse problematiek.

- **Prof. AD Beyers,** mede-hoogleraar in interne geneeskunde op Stellenbosch. Prof. Beyers het uitvoerig kom konsulteer oor die etiese problematiek van 'n omvattende navorsingsprojek oor tuberkulose waarby hy en ander kollegas te Tygerberg betrokke is. Hy is tragies en onverwags oorlede enkele weke na afloop van hierdie sessies.

- **Prof. A. Shutte,** afgetrede mede-hoogleraar in Filosofie aan UK en tans buitengewone dosent aan St. Augustine's College, Johannesburg, wat moontlikhede vir meerdere samewerking t.o.v. die aanbied van bio-etiek kom ondersoek en bespreek het.

## 3.3 Bywoning van en referate gelewer by Internasionale en Nasionale Vakkongresse

***(Hier word slegs gerapporteer oor aktiwiteite wat nie streng onder een van die Eenhede resorteer nie. Sien ook die verslae van die eenhede.)***

### 3.3.1 Referate by Internasionale Vakkongresse

1. Verwoerd WJ. *'n Polities-filosofiese inleiding tot die Suid-Afrikaanse Waarheid- en Versoeningskommissie*. Liefde, Rechtvaardigheid en Vergeving, Jaarlikse Colloquium KU Leuven – KU Nijmegen. Postel, België, 15-16 Mei 2000.

2. Vewoerd WJ. *Restorative Justice and Forgiveness in Politics: A response to key moral criticisms of the South African Truth and Reconciliation Commission*. Liefde, Rechtvaardigheid en Vergeving, Jaarlikse Colloquium KU Leuven – KU Nijmegen. Postel, België, 15-16 Mei 2000.

### 3.3.2 Referate by Nasionale Vakkongresse

1. Hattingh JP. *What exactly are we doing in applied ethics?* Ses en Twintigste Jaarlikse Kongres van die Wysgerige Vereniging van Suider-Afrika**,** 16-19 Januarie 2000, Muldersdrift.

2. Van Niekerk, AA*: Afrika: ons liggaam of ons las? Perspektiewe op die idee van 'n Afrika-renaissance*. Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Oudtshoorn, 25 Maart 2000.

3. Verwoerd WJ. *On Reparations and "Response-ability"*. Reparation and Memorialisation: The Unfinished Business of the TRC. Institute for Justice and Reconciliation, The Graduate School of the Humanities, UCT. Kaapstad, 4-5 Oktober 2000.

4. Verwoerd WJ. *The TRC and Apartheid Beneficiaries in a New Dispensation.* Politics and Promises: Evaluating the Implementation of the TRC's Recommendations. Centre for the Study of Violence and Reconciliation. Johannesburg, 27 Oktober 2000.

## 3.4 Publikasies

***(Slegs publikasies wat nie onder eenhede resorteer nie; vgl. ook verslae van eenhede vir ander publikasies. Geakkrediteerde vaktydskrifte word met 'n asterisk [*] aangedui)***

### 3.4.1 Artikels in Vaktydskrifte

1. Govier, T. en Verwoerd, W.J. 'Forgiveness: The Victim's Prerogative', vir publikasie aanvaar in ***The South African Journal of Philosophy****.

2. Govier, T. en Verwoerd, W.J. 'The Promise and Pitfalls of Apologies', vir publikasie aanvaar in ***The Journal of Social Philosophy***.

3. Govier, T. en Verwoerd, W.J. 'Trust and the Problem of National Reconciliation', vir publikasie aanvaar in ***Philosophy of the Social Sciences****.

4. Govier, T. en Verwoerd, W.J. 'Taking Wrongs Seriously: a qualified defence of the practice of public apologies', vir publikasie aanvaar in ***Saskatchewan Law Journal***.

5. Terreblanche, SJ***:*** Subjek en etiese verantwoordelikheidsbesef. Die idee van die Oneindige in Levinas se *Totality and Infinity*. ***South African Journal of Philosophy****. June 2000; 19(2): 133-150.

6. Van Niekerk, AA: “Afrikanerskap: ten slotte of opnuut? Nabetragting van André du Toit se *Die sondes van die vaders*”, in ***SA Journal of Philosophy****, 19(4), November 2000: 100-120

7. Van Niekerk, AA: “Die Suid-Afrikaanse universiteitswese: koers in die krisis”, ***Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie****, 19(2).

8. Verwoerd, W.J. ‘Our moral responsibility for past violations’, vir publikasie aanvaar in ***AlterNation****.

### 3.4.2 Boeke

1. Villa-Vicencio C & Verwoerd WJ. (editors). ***Looking Back Reaching Forward: Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa***. UCT Press, Zed Books, 2000. 322 pp.

2. Verwoerd WJ, Mabizela, M . (editors). ***Truths Drawn in Jest: Commentary on the Truth and Reconciliation Commission Through Cartoons***. David Phillip, 2000. 161 pp.

### 3.4.3 Hoofstukke in boeke

1. Villa-Vicencio C, Verwoerd WJ. Constructing a Report: Writing Up the “Truth”. In: Rotberg RI, Thompson D, (eds.). ***Truth v. Justice: The Morality of Truth Commissions***. Princeton University Press, 2000: 279-294.

2. Verwoerd WJ. Towards the Recognition of Our Past Injustices. In: Villa-Vicencio C, Verwoerd WJ, (eds.). ***Looking Back Reaching Forward: Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa***. UCT Press, Zed Books, 2000: 155-165.

3. Verwoerd WJ. Truth and…OOPS!? Signposts and Pitfalls on our Reconciliation Road. In: Verwoerd WJ, Mabizela M. (eds.). ***Truths Drawn in Jest: Commentary on the Truth and Reconciliation Commission Through Cartoons.*** David Phillip, 2000: 133-152.

4. Krog A, Verwoerd WJ, Mabizela M. Life and Times of the TRC. In: Verwoerd WJ, Mabizela M. (eds.). ***Truths Drawn in Jest: Commentary on the Truth and Reconciliation Commission Through Cartoons.*** David Phillip, 2000: 4-40.

### 3.4.4 Gepubliseerde Verrigtinge: Internasionale vakkonggresse

1. Govier T, Verwoerd WJ. A Report on the Dilemmas of Reconciliation Network and Conference. In: Kelly JH. (ed.). ***Dilemmas of Reconciliation: Bringing It Home to Calgary***. Community Seminar Series # 19, The Calgary Institute for the Humanities, University of Calgary. Calgary, Canada, June 1999: 1-18. (Gepubliseer in 2000, gedateer Junie 1999).

**3.4.5 Gepubliseerde Verrigtinge: Nasionale Vakkongresse**

1. Van Niekerk AA. Afrika: ons liggaam of ons las? Perspektiewe op die idee van 'n Afrika-Renaissance. In: Marais, A. (red.). ***Die Burger Lesingreeks: Die Suid-Afrika van die nuwe millenium***. Klein Karoo Nasionale Kunstefees, 2000: 3-14

**3.4.6 Populêre artikels**

1. Van Niekerk, AA: "Sonder gemeenskaplike ervaring van Suid-Afrikaansheid bly die nuwe demokrasie kwesbaar", ***Die Burger*** (Forum-artikel), 28 Maart 2000, p. 17.

2. Van Niekerk, AA: "Vraag of SA solidariteit met Afrika moet uitleef", in ***Beeld***, 27 Maart 2000.

3. Van Niekerk, AA_"Boetman se brief: Vergewe nou, eerder as om te verwyt", ***Die Burger*** (Forum Artikel), 13 Mei 2000.

4. Van Niekerk AA: "Meer vrae as antwoorde vir nuwe probleme van etiek", Forum Artikel, ***Die Burger***, 9 Augustus 2000 (Stellenbosch Forum-lesing, verwerk deur Jannie Ferreira).

## 3.5 Ander algemene werksaamhede

3.5.1 Besonder intensiewe werk oor rekonstruktiewe geregtigheid, veral binne die kader en as uitkoms van die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie, is in 2000 deur lede van die Sentrum, veral mnr. WJ Verwoerd, gedoen. Dit blyk uit die beduidende lys publikasies wat hierbo vermeld word en waarby veral mnr. Verwoerd en dr. Govier betrokke was. Die besoek van dr. Govier aan die Sentrum het direk met hierdie werksaamhede te make gehad.

3.5.2 In aansluiting hierby is, met die loodsing van die Stellenbosse tak van die Institute for Justice and Reconciliation op Stellenbosch, die Direkteur, prof. van Niekerk, gevra om te reageer op die hooftoespraak van die aand wat gelewer is deur dr. Barney Pityana, Voorsitter van die Menseregtekommissie. 'n Lewendige debat het gevolg wat 'n ruk daarna in 'n aantal koerante voortgesit is.

3.5.3 Lede van die Sentrum was by 'n verskeidenheid van aktiwiteite betrokke wat te make het met die veld van die Toegepaste Etiek – baie in reaksie op versoeke uit die breër publiek. 'n Hele aantal radio-onderhoude met die Direkteur en ander lede van die Sentrum het bv. plaasgevind.

3.5.4 Die Direkteur is gevra om by verskeie geleenthede, o.a. die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, sowel as drie vergaderings van sakekamers in die Boland, oor die onderwerp van die Afrika-Renaissance en die sosiaal-politieke en etiese beduidenis daarvan, veral ook vir die sakewêreld, op te tree.

3.5.5 Die Sentrum is intensief betrokke by die werksaamhede van die Ethics Institute of South Africa (EthicSA). Hierdie is 'n nie-regeringsorganisasie wat in Pretoria opgerig is met as doel die nasionale fasilitering en koördinering van aktiwiteite op die terrein van die toegepaste etiek Die Direkteur is 'n lid

van EthicSA se "Board of Governers", en is in daardie hoedanigheid ten nouste betrokke by die beplanning en evaluering van EthicSA se aktiwiteite.

3.5.6 Die eerste prestige-lesing van die Sentrum vir Toegepaste Etiek het op 22 Augustus 2000 in die Jannaschsaal van die Konservatorium plaasgevind. Dis gelewer deur prof. WA Landman, Buitengewone Professor in Filosofie en Etiek aan die US en Hoof Uitvoerende Beampte van EthicSA. Sy onderwerp was "Personal death and public concern: the ethics of legalising assisted dying". 'n Groot gehoor het opgedaag, en 'n lewendige bespreking is uitgelok, wat by die onthaal na die tyd voortgesit is. Die verwelkoming is gedoen deur dr. Julian Smith, Viserektor: Bedryf, en die bedankings deur prof. CJ Groenewald, voorsitter van die STE se Beheerkomitee. Die aand was 'n baie groot sukses, en die Sentrum hoop om hierdie geleentheid 'n jaarlikse instelling te maak. Die publikasie van hierdie referaat word ook nog ondersoek.

3.5.7 Die Sentrum is betrek by die reël van gesprekke wat tussen die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk en sakelui plaasgevind het i.s. waarde-oorwegings wat in die sakewêreld belangrik is en waartoe die kerk sou kon bydra.

3.5.8 Die Direkteur (met prof. Hattingh as sekundus) is deur die Viserektor (Navorsing) benoem as die US se verteenwoordiger in die Taakspan wat verantwoordelik is vir die oprigting van die Nasionale Etiekkomitee vir Wetenskap en Tegnologie, onder leiding van die National Science and Technology Forum. Twee vergaderings in hierdie verband het in 2000 in Pretoria plaasgevind, en die proses is tans (2001) besig om resultate te begin bereik.

3.5.9 Die Sentrum besik oor die dienste van mnr. Msekeli Ngquba, 'n ingeskrewe doktorale student wat in terme van die Janssen Cilag-skema in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangestel is.

3.5.10 'n Aantal lede van die Sentrum (proff. Van Niekerk, van der Merwe en dr. Olivier) is in die loop van 200 uitgenooi om bydraes te lewer tot die skryf van artikels in die nuwe elektroniese ***Suid-Afrikaanse Ensiklopedie*** oor onderwerpe met 'n filosofiese en etiese strekking.

3.5.11 Die stelsel om genote van die Sentrum in te stel, is ondersoek, en die eerste genoot, mnr. WJ Verwoerd, sal in die loop van 2001 aangestel word. Lede van die Beheerkomitee is hieroor gepols, en algemene instemming is betuig.

## 4. EENHEID VIR BIO-ETIEK

Sien aangehegte verslag (p. 8 )

## 5. EENHEID VIR OMGEWINGSETIEK

Sien aangehegte verslag (p. 13)

## 6. FINANSIES

Die finansiële state van die Sentrum vir 2000 is deur die Beheerkomitee goedgekeur en word aanbeveel by die Fakulteitskomitee en –raad.

| | |
|---|---|
| Prof. CJ Groenewald | Prof. AA van Niekerk |
| Voorsitter: Beheerkomitee | Direkteur |

17 Augustus 2001

# EENHEID VIR BIO-ETIEK

# JAARVERSLAG 2000

## 1. NAVORSING

### 1.1 Afgehandelde Navorsingsprojekte

**1.1.1** *Die moontlike kloning van mense? Bio-etiese perspektiewe* (AA van Niekerk). 'n Artikel ("The ethics of cloning humans: sorting out the arguments") hieroor is voltooi, en sal as boekhoofstuk in 'n publikasie van St. Augustine's College opgeneem word in 2001.

**1.1.2** *Embrio- en stamsel navorsing: etiese perspektiewe*. (AA van Niekerk en LL van Zyl). 'n Artikel hieroor is voltooi, en sal as boekhoofstuk in 'n publikasie van St. Augustine's College opgeneem word in 2001.

**1.1.3** *Multiculturalism and truthfulness in medical ethics*. (LM Kopelman & AA van Niekerk). 'n Artikel hieroor het in 'n geakkrediteerde vakrydskrif verskyn, vgl. hieronder.

## 1.2 Navorsingsuitsette

### 1.2.1 Bywoning van en referate gelewer by Internasionale en Nasionale Vakkongresse

#### 1.2.1.1 Referate by Internasionale Vakkongresse

1. Van Niekerk, AA. *The ethics of cloning humans: what are the vital arguments?* Fifth World Congress of Bioethics, London, September 2000.

#### 1.2.1.2 Referate by Nasionale Vakkongresse

1. Olivier, A: *The problem of the mental embodiment of pain*, 26th annual Conference of the Philosophical Society of Southern Africa, Muldersdrift, Johannesburg, 16-19 January 2000.

2. Van Niekerk, AA: *How do we think about death? Deconstructing immortality and reconstructing tragedy*. 26ste Jaarkongres van die Philosophical Society of Southern Africa, Johannesburg, 2000.

3. Van Niekerk AA: *Medical ethics: the changing landscape*. Jaarkongres van South African Society of Anaesthesiologists (SASA), Kaapstad, 30 Maart 2000.

4. Van Niekerk AA: *Die lewensvatbaatbaarheid van die fetus: etiese grense*. Simposium, US Dept. Verloskunde en Ginekologie, Tygerberg Hospitaal, 19 Mei 2000.

5. Van Niekerk AA: *The ethics of surrogate motherhood.* Jaarkongres van die Society for Gynaecology and Obstetrics, Pretoria, 18 Mei 2000.

6. Van Niekerk AA: *Socio-political and ethical issues of HIV-AIDS infection*, Bristol-Mayers Squibb & Qualicare Nasionale Konferensie oor Mediese Etiek, Kaapstad, Junie 2000

7. Van Niekerk AA: *Medical ethics: recent issues, trends and challenges*. "Key note address", Kongres van die Association of Plastic and Reconstructive Surgeons of Southern Africa, 11 Oktober 2000, Somerset-Wes.

8. Van Niekerk AA: *Ethics in fetal cardiology for South Africa*. Ginekologie Kongres, Kaapstad, 21 Oktober 2000.

**1.2.2 Gepubliseerde artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte (geakkrediteerde tydskrifte word met 'n asterisk [*] aangedui)**

1. Hattingh, JP. Biomedical ethics in South Africa: Current challenges and institutional responses. ***Biomedical Ethics. Newsletter of the European Network for Biomedical Ethics.*** 2000; 5(1): 38-41.

2. Kopelmann LM. Multiculturalism and truthfulness: negotiating differences by finding similarities. ***South African Journal of Philosophy****. 2000; 19(1): 51-64

3. Olivier, A. Die Sin van Pyn, ***South African Journal of Philosophy****, 2000; 19 (3) 235-255.

4. Olivier A. Die pyn van bewussyn, Vir publikasie aanvaar in ***Tydskrif vir Geesteswetenskappe****

5. Van Zyl LL. & Van Niekerk AA. Interpretations, perspectives and intentions in surrogate motherhood. ***Journal of Medical Ethics****, 2000; 26(5): 404-409

6. Van Niekerk, AA: Ethics for medicine and medicine for ethics. Vir publikasie aanvaar in ***SA Medical Journal****

**1.2.3 Boekhoofstukke**

Van Niekerk AA. Editorial Foreword. In: Kriel, J. *Matter, mind and medicine: transforming the clinical method*. Rodopi: Amsterdam: xi-xvi.

**1.2.4 Populêre artikels**

Van Niekerk, AA: "Medical Ethics: the changing landscape", in News & Analysis@Medafrica.com, April 2000

### 1.2.5 Ongepubliseerde, voltooide artikels

Olivier A: *Educating pain*. (Word eersdaags vir publikasie voorgelê)

Olivier A. *Creative pain* (Word eersdaags vir publikasie voorgelê)

Olivier, A*: When pain becomes unreal* (Word eersdaags vir publikasie voorgelê)

### 1.3 Lopende Navorsingsprojekte

**1.3.1** *'n Fenomenologiese analise van pyn* (Abraham Olivier en AA van Niekerk). Met die oog op hierdie projek is dr. A. Olivier, postdoktorale genoot van prof. van Niekerk, vanaf 1 Augustus 1999 vir twee jaar in die Sentrum aangestel, en hierdie aanstelling is vanaf 1 Augustus 2001 met nog 'n jaar verleng. Dr. Olivier het sy doktorsgraad *cum laude* aan die Universiteit van Tübingen verwerf.

**1.3.2** *Etiese aspekte rondom die die verskynsel van HIV/AIDS in Sub-Sahara Afrika* (AA van Niekerk). Daar sal volgende jaar gerapporteer word oor die publikasies wat hieruit voortspruit. Prof. van Niekerk werk saam met 'n internasionale span kundiges aan 'n navorsingsprojek in hierdie verband, en redigeer saam met prof. Loretta Kopelman van die VSA 'n spesiale uitgawe van die internasionaal geakkrediteerde ***The Journal of Medicine and Philosophy*** oor hierdie onderwerp. Die uitgawe verskyn vroeg in 2001.

**1.3.3** *Moral responsibility and the problem of global drug resistance* (D.Knapp van Bogaert en AA van Niekerk)

**1.3.4** *Ethical perspectives on physician assisted suicide (PAS)* (M. Ngquba en AA van Niekerk). Werk aan hierdie projek vorder goed.

## 2. ANDER AKTIWITEITE

2.1 Lede van die eenheid skakel gereeld in by die tweeweeklikse byeenkomste van prof. Solly Benatar (hoof van Interne Geneeskunde, UK) se multi-dissiplinêre besprekingsgroep oor bio-etiese kwessies te Groote Schuur Hospitaal. By hierdie byeenkomste word van die jongste literatuur bespreek en word 'n gevallestudie uit die praktykervaring van die afgelope week aan die orde gestel.

2.2 Prof. van Niekerk is lid en neem deel aan die bedrywighede van die volgende etiese komitees:

- Die Etiek Komitee van die Fakulteit Geneeskunde te Tygerberg onder leiding van dr. WP Pienaar
- Die Etiekkomitee van die Mediese Navorsingsraad

- Redaksionele Rade van die ***SA Journal of Philosophy, Developing World Bioethics*** en die ***SA Journal for Higher Education.***

2.3 Verskeie nagraadse studente was betrokke by, of doen steeds navorsing oor onderwerpe wat van regstreekse belang is vir die aktiwiteite van hierdie eenheid. Hier volg 'n lys van besonderhede:

**2.3.1 Voltooide MPhil-skripsies (2000)**

1. RJ Broekmann: ***Power in the physician-patient relationship***. MPhil, 88 pp. (2000)

2. MP Mahlati: ***The medical profession in a transforming South African society: ideals, values and role***. MPhil (Waarde- en Beleidstudie), 93 pp. (2000)

3 NM Jali: ***The African perception of death, with special reference to the Zulu: a critical analysis***. MPhil, 87 pp. (2000)

4 WP Pienaar: ***Outonomie versus sorg in die behandeling van alkohol-afhanklikheid: etiese perspektiewe***. MPhil, 92 pp. (2000)

5 M Koenane: ***Ethical perspectives on surveillance and preventive strategies for HIV/AIDS in South Africa***. MPhil, 90 pp. (2000)

6 BN Mkosi: ***Confidentiality as value in the management of HIV-AIDS in South Africa***. MPhil, 60 pp. (2000)

7 M Berger: ***A morally justified policy for assisted euthanasia***. MPhil, 88 pp. (2000)

(AA van Niekerk het in al bg. gevalle opgetree as studieleier)

Ook: J van Bogaert: ***Abortion as a complex problem***. MPhil. Studieleier: Prof. FP Cilliers

**2.3.2 Doktorale projekte aan die gang**

1. D. Knapp van Bogaert: ***Moral responsibility and the problem of global drug resistance***. DPhil.

2. M.P. Mahlati: ***Altruism and self-interest in medical practice: ethical perspectives on the South African situation***. D.Phil.

3. E. Mathandabuzo: ***The ethics of notifiable diseases, with special reference to HIV/AIDS.*** DPhil.

4. HK Nevhutalu: ***The ethics of advance directives in the South African context.*** DPhil.

5. M. Ngquba: ***The ethics of physician-assisted suicide***.

6. GE Pietersen: ***Pyn en menslikheid: filosofiese perspektiewe op die aard en (on-)sin van die ervaring van menslike pyn.*** DPhil.

7. M.S. Tlhapane: ***Principlism and AIDS: a study in applied ethics.*** D.Phil.

(AA van Niekerk tree in al bg. gevalle op as promotor)

### 2.3.3 Magisterprojekte aan die gang

1. S. de Villiers: ***The principle of autonomy and the involuntary sterilization of people with mental handicap***. MPhil.

2. J. Esser: ***Who cares? Moral reflections on business in health care***. MPhil.

3. DF Gcinumkhonto: ***A critical and ethical assessment of the SA Termination of Pregnancy Bill***. MPhil

4. L. Mpuntsha ***Assessing the essential values for the continuing professional development in medicine***. MPhil (Waarde- en Beleidstudies)

5. A. Nienaber: ***'n Kritiese analise van Zygmunt Bauman se idee van 'n postmoderne etiek***. MA.

6. PN Okolie: ***Suicide: a philosophical and ethical perspective***. MPhil.

7. Annie Olivier: ***Kritiese perspektiewe op Hans Jonas se idee van 'n etiek van verantwoordelikheid***. MA.

8. A. Seltzer: ***End-of life decisions in Jewish medical ethics***. MA.

9. S. Verhoef: ***Tegnologie en gestremdheid: filosofies-etiese perspektiewe***. MPhil.

(Prof. AA van Niekerk tree in al bg. gevalle op as studieleier)

AA van Niekerk
(Hoof: Eenheid vir Bio-Etiek)

# EENHEID VIR OMGEWINGSETIEK

## JAARVERSLAG 2000

### 1. Navorsing

### 1.1 Navorsingsuitsette

#### 1.1.1 Referate

1. Hattingh, J.P. The environment and political-economic change: Towards a better understanding of the challenges of sustainable development**. KONRAD-ADENHAUER STIFTUNG CONFERENCE ON MANAGING CHANGE IN THE NORTHERN PROVINCE**. Magoebaskloof Hotel, 3-5 May 2000.

2. Hattingh, J.P. Notes on a number of internal tensions within the concept of sustainable development. **EIGHTEENTH ANNUAL CONFERENCE OF THE ENVIRONMENTAL EDUCATION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA (EEASA): ENVIRONMENTAL EDUCATION IN THE NEW MILLENIUM: CHALLENGES AND OPPORTUNITIES**, University of Swaziland, Kwaluseni, Swaziland: July 10-14, 2000.

3. Hattingh, J.P. The human dimensions of alien invasive species in philosophical perspective. Openingsrede van die **GLOBAL INVASIVE SPECIES PROGRAM, CAPE TOWN WORKSHOP**. International Union for the Conservation of Nature. Kaapstad, 15 - 17 September 2000.

#### 1.1.2 Gasvoorlesings

1. Hattingh, J.P. ‘n Oorsig van Omgewingsetiek - Honneursklas in Openbare en Ontwikkelingsbestuur, US (Mei 2000)
2. Hattingh, J.P. ‘n Lesing oor die etiek van omgewingsbestuur by ‘n vergadering van die Friends of Simon’s Town Coastline (Simonstad: 21 Junie 2000)
3. Hattingh, J.P. ‘n Oorsiglesing oor Ingenieursetiek vir senior ingenieurstudente en dosente, Departement Bedryfsingenieurswese, US (25 Augustus 2000)
4. Hattingh, J.P. Oorsiglesing van Omgewingsetiek – Honneurs- en MA-klas in Natuurbewaringsekologie, Departement Zoölogie, Universiteit Kaapstad (Nov 2000)

#### 1.1.3 Gepubliseerde artikels in vaktydskrifte

1. J.P. Hattingh. Environmental struggle and the politics of meaning. **DEVELOPING ALTERNATIVES** Vol. 1, Nr. 1: January 2000: 38 -51 ('n

nuutgestigde vaktydskrif van DevFTI - Development Facilitation and Training Institute - Universiteit van die Noorde, Pietersburg).

### 1.1.4 Navorsingsverslae

1. Hattingh, J.P. *Notes on a number of internal tensions within the concept of sustainable development.* **NAVORSINGSVERSLAG**. Universiteit van Stellenbosch. Julie 2000. 18 pp.

   Hierdie verslag word in 'n bygewerkte en uitgebreide vorm in 2001 vir publikasie voorgelê aan die Annale van die Universiteit van Stellenbosch onder die titel: *Conceptualizing ecological sustainability and ecologically sustainable development in ethical terms: Issues and challenges*. (31 pp.)

2. Hattingh, J.P. en Landman, L. *Comments on the proposed waste management system of Swartklip Products: A case study in environmental ethics.* Gevallestudie van die Wes-Kaapse Forum vir Omgewingsetiek. Oktober 2000. 45 pp.

3. Landman, L. *Implementing the radically contested concept of sustainable development*. In 2001 voorgelê vir publikasie in *The South African Geographical Journal.* (18 pp.)

### 1.1.5 Nuusbrief

Die eerste nuusbrief van die Eenheid vir Omgewingsetiek (voorbeeld aangeheg) verskyn in Desember 2000 met die volgende artikels:

1. Hattingh, J.P. A history of sustainable development. *Report from the Unit for Environmental Ethics*, Vol. 1, No. 1, Summer 2000, p. 1-3.

2. Hattingh, J.P. The highly contested nature of sustainable development. *Report from the Unit for Environmental Ethics*, Vol. 1, No. 1, Summer 2000, p. 4-7.

3. Landman, L. Investigating alternative approaches to sustainable development. *Report from the Unit for Environmental Ethics*, Vol. 1, No. 1, Summer 2000, p. 8-9.

4. Landman, L. Developing a hermeneutical approach to water management in South Africa. *Report from the Unit for Environmental Ethics*, Vol. 1, No. 1, Summer 2000, p. 10-12.

## 1.2 Lopende navorsingsprojekte

*Die konsep van volhoubare ontwikkeling in etiese perspektief.* (J.P. Hattingh)

Hierdie projek word aangepak met die ondersteuning van fondse vir 'n navorsingsprogram van die Universiteit van Stellenbosch. Me. Leanne Landman word in die verslagjaar as navorser in die Eenheid aangestel met die oog op die afhandeling van hierdie projek.

Twee navorsingsverslae en 'n nuusbrief met vier afsonderlike artikels oor die projektema spruit uit hierdie projek voort. Sien die afdeling oor Navorsingsverslae vir meer besonderhede hieroor.

Vroeg in 2001 word 500 van die bogenoemde nuusbriewe aan leiers in die owerheids- en privaatsektor versprei.

## 1.3 Navorsingsfondse

‘n Toekenning van ongeveer R 96 000 van die British Academy in samewerking met die Association of Commonwealth Universities word gemaak, gesamentlik aan prof. J.P. Hattingh, prof. Robin Attfield van die Dept Filosofie van die Universiteit van Cardiff, en mnr. M.D.J. Matshabaphala van die Graduate School of Leadership van die Universiteit van die Noorde vir ‘n navorsingsprogram wat oor twee jaar sal strek oor die filosofiese problematiek van ekologies volhoubare ontwikkeling in ontwikkelende lande. Hierdie program is in Januarie 2001 geloods met ‘n navorsingsbesoek van Proff. Attfield en Hattingh aan die Universiteit van die Noorde. In September 2001 lê prof. Hattingh op sy beurt 'n besoek af aan die Universiteit van Cardiff met die oog op die verdere verwerking van navorsingsgegewens.

# 2. ANDER AKTIWITEITE

## 2.1 Doktorale projekte aan die gang

BURNS MER. *Environmental ethics as a key determinant of environmental assessment process and methodology*. D.Phil. Promotor: Prof. JP Hattingh. Mede-promotor: Prof. LW Canter, University of Oklahoma. Verwagte datum van voltooiing: Desember 2001

LONG SS. *The formulation of an environmental ethic for civil engineers in South Africa*. D.Phil. Promotor: Prof. JP Hattingh.

MARSHALL AH. *The concept of a practical, global environmental ethics*. D.Phil. Promotor: Prof. JP Hattingh. Verwagte datum van voltooiing: Desember 2001

SLABBERT NJ. *Technology, Nature, Culture: Environmental concepts in the philosophy of John Dewey*. D.Phil. Promotor: Prof. JP Hattingh.

## 2.2 Magisterprojekte afgehandel

MAHLAKE, M. *The impact of rural land-use on the natural environment in Dilokong district*. M. Development Studies. University of the North. Afgehandel: 15 Mei 2000.

CHANNING J. *District development forums? Towards an alternative to current land reform policy in South Africa.* M.Phil. (Toegepaste Etiek). 2000. 101 pp. Studieleier: Prof. JP Hattingh.

MOLEPO RE. *An ethical evaluation of the referral system in primary health care in the West Rand region*. M.Phil. (Toegepaste Etiek). 2000. 74 pp. Studieleier: Prof. JP Hattingh.

LANDMAN L. *Creating an economy with a human face: A philosophical investigation of Ulrich Duchrow's conception of a life-sustaining economy.*2000. M.A. 96 pp. Studieleier: Prof. JP Hattingh.

## 2.3 Magisterprojekte aan die gang

BADENHORST, C. *On the ethics of hunting*. M.A. (Toegepaste Etiek). Studieleier: Prof. JP Hattingh.

ENGLISH R. *Mining for a sustainable environment. Examining the oxymoron*. M.Phil. Studieleier: Prof. JP Hattingh.

REYNEKE J. *Die wederkerige verhouding tussen omgewing en ontwikkeling*. M.A. Studieleier: Prof. JP Hattingh. Verwagte datum van voltooiing: November 2001.

## 2.4 Wes-Kaapse Omgewingsetiek Forum

In Maart 2000 word die Wes-Kaapse Omgewingsetiek Forum (Western Cape Environmental Ethics Forum) gestig na aanleiding van versoeke wat vanuit die kring van omgewingsaktiviste in die Wes-Kaap in die loop van 1999 aan die Eenheid vir Omgewingsetiek gerig is. Die doel van die Forum is om deur middel van wetenskaplike en goed-gestuktureerde gevallestudies die gehalte van omgewingsbesluitneming in die Wes-Kaap te verbeter. Prof. Hattingh word verkies tot die eerste Voorsitter van die Forum, en Me. Leanne Landman, navorser in die Eenheid vir Omgewingsetiek as Sekretaris-Penningmeester. Onder sy leiding word die eerste gevallestudie van die Forum oor die voorgestelde verbrander vir toksiese afval by Swartklip Produkte op die Kaapse Vlakte in Oktober 2000 voltooi. Dit is besonder goed ontvang by amptenare van die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap, die Kaapstadse Metropolitaanse Raad, die Stad Tygerberg, die Departement

van Omgewingsake, en die konsultante wat verantwoordelik was vir die omgewingsimpakstudie oor die voorstel.

## 2.5 Betrokkenheid by kursusse aan die Universiteit van die Noorde

In 2000 het Prof. Hattingh sy betrokkenheid as besoekende dosent in die Fakulteit Bestuurswetenskappe aan die Universiteit van die Noorde voortgesit met die aanbieding van twee kursusse binne die raamwerk van 'n gedoseerde Meesterskursus in Ontwikkelingstudies. Op eerstejaarsvlak het hy saam met 'n kollega van UN verantwoordelikheid aanvaar vir 'n kursus in Ontwikkelingsetiek. Op tweedejaarsvlak was hy verantwoordelik vir 'n kursus oor die etiese dimensies van Omgewingsbestuur en Toerisme.

## 2.6 Netwerke:

1. Gereëlde skakeling met Prof. Alastair Gunn van die Departement Filosofie aan die Universiteit van Waikatto, Nieu Zealand lei tot samewerking aan ‘n boekprojek oor die etiek van jag. Die ooreenkoms is in April 2000 gefinaliseer ten tye van ‘n uitgebreide navorsingsbesoek van Prof. Gunn aan die Universiteit van Stellenbosch.
2. Noue skakeling en samewerking tussen die Eenheid vir Omgewingsetiek en die Afdeling vir Cross Cutting Technologies van die WNNR, veral oor omgewingskwessies lei tot deelname aan verskeie werkswinkels en gespreksgeleenthede. Hierdie skakeling loop in Maart 2001 uit op 'n versoek van die Minerale- en Mynbousektor van Suider-Afrika aan Prof. Hattingh om betrokke te raak by 'n proses waarin die betekenis van volhoubare ontwikkeling vir dié bedryf uitgeklaar word.
3. Noue skakeling met Prof. Willem Landman, Direkteur van die Ethics Institute of South Africa wat in 2000 in Pretoria gevestig is, veral oor gesamentlike projekte en dienslewering op die terrein van toegepaste etiek.

## 2.7 M.Phil in Omgewingsbestuur

Prof. Hattingh is lid van 'n interfakultêre loodskomitee wat in 1998, 1999 en 2000 'n M.Phil. Program in Omgewingsbestuur ontwerp en bemark het. Dit is in Januarie 2001 geïmplementeer met ‘n eerste inname van 16 studente. Departemente wat aan hierdie program deelneem is Filosofie (Omgewingsetiek), Geografie en Omgewingstudie, Publieke Administrasie, Ekonomie, Publieke Reg, en Natuurbewaring.

## 2.8 Lid van die redaksionele Raad van die volgende tydskrifte

Prof. Hattingh dien as lid van die Redaksionele Raad van die volgende tydskrifte:

1. Environmental Ethics (sedert 1996) [Uitgegee deur Universiteit van North Texas]
2. Developing Alternatives (sedert 1999) [Uitgegee deur Universiteit van die Noorde]
3. African Journal of Environmental Philosophy and Environmental Education (sedert 1999) [Nigerië]

## 2.9 Environmental Values in Action

In die tweede helfte van 2000 word 'n projekvoorstel genaamd Environmental Values in Action deur die Beheerraad van die Sentrum vir Toegepaste Etiek in beginsel goedgekeur en van stapel gestuur. Die belangstelling van groot maatskappye om by die projek betrokke te raak as donateurs is egter teleurstellend. Met behoud van die algemene doelstellings van die projek word beoog om die praktiese implementering daarvan in 2001 op 'n kommersiële grondslag te plaas.

Johan Hattingh 28 Junie 2001